'n Plan waarop die betrokke park aangetoon word, sal gedurende gewone kantoorure vir 'n tydperk van dertig (30) dae vanaf datum van hierdie kennisgewing ter insae lê by die kantoor van die Stadsekretaris, Munisipale Kantore, Die Hoewes, Centurion.

Persone wat beswaar teen die voorgestelde sluiting wil aanteken of 'n eis om skadevergoeding wil instel indien sodanige sluiting uitgevoer word, moet die beswaar, skriftelik aan die ondergetekende lewer nie later as 20 Julie 2001.

**Dr T E THOHLANE, Munisipale Bestuurder**

Posbus 14013, Lyttelton, 0140  
(Kenningsgewing No. 59/2001)

### NOTICE 3404 OF 2001

**CITY OF TSHWANE METROPOLITAN MUNICIPALITY  
ADMINISTRATIVE UNIT: CENTURION**

**PROPOSED PERMANENT CLOSURE AND ALIENATION OF  
PORTIONS OF IRELAND AVENUE AND WYNNE ROAD,  
ELDORAIGNE**

Notice is hereby given that the Administrative Unit: Centurion intends:

1. in terms of the provisions of section 67 of the Local Government Ordinance 1939, as amended, to permanently close portions of Ireland Avenue and Wynne Road, Eldoraigne; and

### KENNISGEWING 3404 VAN 2001

**STAD VAN TSHWANE METROPOLITAANSE MUNISIPALITEIT  
ADMINISTRATIEWE EENHEID: CENTURION**

**VOORGESTELDE PERMANENTE SLUITING EN VERVREEM-  
DING VAN GEDEELTES VAN IRELANDLAAN EN WYNNEWEG,  
ELDORAIGNE**

Kennis geskied hiermee dat die Administratiewe Eenheid: Centurion van voorneme is om:

1. ingevolge die bepalings van artikel 67 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur 1939, soos gewysig, gedeeltes van Irelandlaan en Wynneweg, Eldoraigne permanent te sluit; en

2. in terms of section 79 (18) of the above-mentioned Ordinance to alienate the closed portions to Mr D M Taljaard.

A plan showing the portions to be closed will lie for inspection during normal office hours for a period of thirty (30) days, as from the date of this notice at the office of the Town Secretary, Municipal Offices, Die Hoewes, Centurion.

Any person who wishes to object to the proposed closure or who may have any claim for compensation if such closure is carried out, must lodge such objection in writing, with the undersigned not later than 20 July 2001.

**DR T E THOHLANE, Municipal Manager**

P O Box 14013, Lyttelton, 0140

(Notice No. 60/2001)

## NOTICE 3405 OF 2001

### JOHANNESBURG TOWN PLANNING SCHEME, 1979

#### CORRECTION NOTICE

It is hereby notified in terms of Section 60 of the Town-Planning and Townships Ordinance, 1986, that as whereas an error occurred in Johannesburg Amendment Scheme 7093, the City of Johannesburg has approved the approved the correction of the Scheme by the following:

Notice 1925 of 2001 published on 4 April 2001 in the *Provincial Gazette*, the Afrikaans version, the erf number was published as Erf 1233, Kibler Park and must be amended to Erf 1223, Kibler Park.

**P MOLOI, Municipal Manager**

City of Johannesburg

(PDCOR/15960)/jve

## NOTICE 3406 OF 2001

#### NOTICE OF APPROVAL

### JOHANNESBURG AMENDMENT SCHEME 7220

It is hereby notified in terms of Section 57 (1) (a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, that the City of Johannesburg has approved the amendment of the Johannesburg Town Planning Scheme, 1979, by the rezoning of Erf 156 Portion 3, 4 and 5 Evans Park to Business 2 with a car showroom and workshop for the repair and servicing of motor vehicles as a primary right, subject to conditions.

Map 3 and the Scheme Clauses of the Amendment Scheme are filed with the Executive Director: Development Planning, Transportation and Environment, Room 5100, 5th Floor, A-Block, Metropolitan Centre, Braamfontein, and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Johannesburg Amendment Scheme 7220 and will come into operation on 20 June 2001.

**P MOLOI, Municipal Manager**

City of Johannesburg

(PDCOR/15969)/jve

## NOTICE 3407 OF 2001

#### NOTICE OF APPROVAL

### JOHANNESBURG AMENDMENT SCHEME 7190

Notice is hereby given in terms of Section 6 (8) of the Gauteng Removal of Restrictions Act, 1996, that the Southern Metropolitan Local Council (Greater Johannesburg) has approved the following:

(a) the amendment and substitution of Conditions (3), (9), (10), (11), (12), (13), (14), (16), (16a), (16b), (16c) (i) (ii), (16d), (16e) and 16 (f) in Deed of Transfer F7898/1954 pertaining to Erven 1294, 1295, 1296, 1297 and 1298 Robertsham.

2. ingevolge die bepalings van artikel 79 (18) van bogemelde Ordonnansie die geslote gedeeltes aan mnr D M Taljaard te vervreem.

'n Plan waarop die betrokke gedeeltes aangetoon word, sal gedurende gewone kantoorure vir 'n tydperk van dertig (30) dae vanaf datum van hierdie kennisgewing ter insae lê by die kantoor van die Stadsekretaris, Munisipale Kantore, Die Hoewes, Centurion.

Persone wat beswaar teen die voorgestelde sluiting en vervreemding wil aanteken of 'n eis om skadevergoeding wil instel indien sodanige sluiting uitgevoer word, moet die beswaar skriftelik aan die ondergetekende lewer nie later nie as 20 Julie 2001.

**DR T E THOHLANE, Munisipale Bestuurder**

Posbus 14013, Lyttelton, 0140

(Kennisgewing No. 60/2001)

## KENNISGEWING 3405 VAN 2001

### JOHANNESBURG DORPSBEPLANNINGSKEMA, 1979

#### REGSTELLINGSKENNISGEWING

Daar word hierby ingevolge Artikel 60 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, kennis gegee dat aangesien daar 'n fout in Johannesburg se Wysigingskema 7093 voorgekom het, die Stad van Johannesburg die regstelling van die skema goedgekeur het deur die volgende:

Kennisgewing 1925 van 2001 gedateer 4 April 2001 was die erf nommer verkeerdlik gepubliseer as Erf 1233, Kibler Park in die *Provinsiale Koerant* en moet vervang word deur Erf 1223, Kibler Park.

**P MOLOI, Munisipale Bestuurder**

Stad van Johannesburg

(PDCOR/15960)/jve

## KENNISGEWING 3406 VAN 2001

### KENNISGEWING VAN GOEDKEURING

### JOHANNESBURG WYSIGINGSKEMA 7220

Daar word hiermee ingevolge artikel 57 (1) (a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, kennis gegee dat die Stad van Johannesburg die wysiging van die Johannesburgse Dorpsbeplanningskema, 1979, goedgekeur het deur die hersonering van Erf 156, Gedeeltes 3, 4 en 5 Evans Park na Besigheid 2 met 'n motorvertoonkamer en werkwinkel vir die herstel en diens van motorvoertuie as 'n primêre reg, onderworpe aan voorwaardes.

Kaart 3 en die Skemaklousules van die Wysigingskema word op lêer gehou by die Uitvoerende Direkteur: Ontwikkelingsbeplanning, Vervoer en Omgewing, Johannesburg, Kamer 5100, 5de Verdieping, A-Blok, Metropolitaanse Sentrum, Braamfontein, en is te alle redelike tye ter insae beskikbaar.

Hierdie wysiging staan bekend as Johannesburgse Wysigingskema 7220 en sal in werking tree op 20 Junie 2001.

**P MOLOI, Munisipale Bestuurder**

Stad van Johannesburg

(PDCOR/15969)/jve

## KENNISGEWING 3407 VAN 2001

### KENNISGEWING VAN GOEDKEURING

### JOHANNESBURGSE WYSIGINGSKEMA 7190

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van Artikel 6 (8) van die Gauteng Wet op Opheffing van Beperkings, 1996 bekend gemaak dat die Suidelike Metropolitaanse Plaaslike Raad (Groter Johannesburg) die volgende goedgekeur het:

(b) the amendment of the Johannesburg Town Planning Scheme, 1979, by the rezoning of Erven 1294, 1295, 1296, 1297 and 1298 Robertsham to Residential 4 with business purposes with consent of the Council—subject to conditions.

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Executive Director: Development Planning, Transportation and Environment, Room 5100, 5th Floor, A-Block, Metropolitan Centre, Braamfontein, and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Johannesburg Amendment Scheme 7190 and will come into operation on 20 June 2001.

**P MOLOI, Municipal Manager**

City of Johannesburg  
(PDCOR/15967)/jve

(a) Die wysiging en verandering van Voorwaardes (3), (9), (10), (11), (12), (13), (14), (16), (16a), (16b); (16c) (i) (ii), (16d), (16e) en 16 (f) uit Akte van Transport No. F7898/1954 wat betrekking het of Erwe 1294, 1295, 1296, 1297 en 1298 Robertsham.

(b) Die wysiging van die Johannesburg Dorpsbeplanningskema, 1979, deur die hersonering van Erwe 1294, 1295, 1296, 1297 en 1298 Robertsham na Residensieel 4 met besigheidsdoeleindes met vergunning van die Raad—onderworpe aan voorwaardes.

Kaart 3 en die Skemaklousules van die Wysigingskema word op lêer gehou by die Uitvoerende Direkteur: Ontwikkelingsbeplanning, Vervoer en Omgewing, Johannesburg, Kamer 5100, 5de Verdieping, A-Blok, Metropolitaanse Sentrum, Braamfontein, en is te alle redelike tye ter insae beskikbaar.

Hierdie wysiging staan bekend as Johannesburg Wysigingskema 7190 en sal in werking tree op 20 Junie 2001.

**P MOLOI, Munisipale Bestuurder**

Stad van Johannesburg  
(PDCOR/15967)/jve

**NOTICE 3408 OF 2001**

NOTICE OF APPROVAL

**JOHANNESBURG AMENDMENT SCHEME 7080**

It is hereby notified in terms of Section 57 (1) (a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, that the City of Johannesburg has approved the amendment of the Johannesburg Town Planning Scheme, 1979, by the rezoning of proposed Portions 2 and 3 of the consolidation of Portion 1 of Erf 46 with Erf 57, Braamfontein Werf to Business 1 with a public garage with consent of the Council—subject to conditions.

Map 3 and the Scheme Clauses of the Amendment Scheme are filed with the Executive Director: Development Planning, Transportation and Environment, Room 5100, 5th Floor, A-Block, Metropolitan Centre, Braamfontein, and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Johannesburg Amendment Scheme 7080 and will come into operation on 20 June 2001.

**P MOLOI, Municipal Manager**

City of Johannesburg  
(PDCOR/15968)/jve

**KENNISGEWING 3408 VAN 2001**

KENNISGEWING VAN GOEDKEURING

**JOHANNESBURG WYSIGINGSKEMA 7080**

Daar word hiermee ingevolge artikel 57 (1) (a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, kennis gegee dat die Stad van Johannesburg die wysiging van die Johannesburgse Dorpsbeplanningskema, 1979, goedgekeur het deur die hersonering van voorgestelde Gedeeltes 2 en 3 van die konsolidasie van Gedeelte 1 van Erf 46 met Erf 57, Braamfontein Werf na Besigheid 1 met 'n publieke garage met vergunning van die Raad—onderworpe aan voorwaardes.

Kaart 3 en die Skemaklousules van die Wysigingskema word op lêer gehou by die Uitvoerende Direkteur: Ontwikkelingsbeplanning, Vervoer en Omgewing, Johannesburg, Kamer 5100, 5de Verdieping, A-Blok, Metropolitaanse Sentrum, Braamfontein, en is te alle redelike tye ter insae beskikbaar.

Hierdie wysiging staan bekend as Johannesburgse Wysigingskema 7080 en sal in werking tree op 20 Junie 2001.

**P MOLOI, Munisipale Bestuurder**

Stad van Johannesburg  
(PDCOR/15968)/jve

**NOTICE 3409 OF 2001**

NOTICE OF APPROVAL

**LENASIA SOUTH-EAST AMENDMENT SCHEME LSE 311**

It is hereby notified in terms of Section 57 (1) (a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, that the City of Johannesburg has approved the amendment of the Lenasia South-East Town Planning Scheme, 1998, by the rezoning of Erven 4189, 4190, 4200 and 4201 Lenasia South Extension 4 to Residential 3—subject to conditions.

Map 3 and the Scheme Clauses of the Amendment Scheme are filed with the Executive Director: Development Planning, Transportation and Environment, Johannesburg, Room 5100, 5th Floor, A-Block, Metropolitan Centre, Braamfontein, and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Lenasia South-East Amendment Scheme LSE 311 and will come into operation on 20 June 2001.

**P MOLOI, Municipal Manager**

City of Johannesburg  
(PDCOR/15970)/jve

**KENNISGEWING 3409 VAN 2001**

KENNISGEWING VAN GOEDKEURING

**LENASIA SUID-OOS WYSIGINGSKEMA LSE 311**

Daar word ingevolge hiermee ingevolge artikel 57 (1) (a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, kennis gegee dat die Stad van Johannesburg die wysiging van die Lenasia Suid-Oos Dorpsbeplanningskema, 1998, goedgekeur het deur die hersonering van Erwe 4189, 4190, 4200 en 4201 Lenasia Suid Uitbreiding 4 na Residensieel 3—onderworpe aan voorwaardes.

Kaart 3 en die Skemaklousules van die Wysigingskema word op lêer gehou by die Uitvoerende Direkteur: Ontwikkelingsbeplanning, Vervoer en Omgewing, Johannesburg, Johannesburg, Kamer 5100, 5de Verdieping, A-Blok, Metropolitaanse Sentrum, Braamfontein, en is te alle redelike tye ter insae beskikbaar.

Hierdie wysiging staan bekend as Lenasia Suid-Oos Wysigingskema LSE 311 en sal in werking tree op 20 Junie 2001.

**P MOLOI, Munisipale Bestuurder**

Stad van Johannesburg  
(PDCOR/15970)/jve

**NOTICE 3410 OF 2001**

GREATER EAST RAND METRO

**(KEMPTON PARK TEMBISA ADMINISTRATIVE UNIT)**  
**(A Trading Entity of the Ekurhuleni Metropolitan Council)****KEMPTON PARK AMENDMENT SCHEME 967**

The Greater East Rand Metro (Kempton Park Administrative Unit) hereby gives notice in terms of section 57 (1) (a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), that the application for the rezoning of Erf 18 Nimrod Park Township from "Residential 1" and "Proposed new roads and widenings" to "Business 4" excluding doctors/medical consulting rooms has been approved subject to certain conditions.

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme will be open for inspection during normal office hours at the Office of the Head Kempton Park Tembisa Administrative Unit, Room B301, Civic Centre, corner of C R Swart Drive and Pretoria Road, Kempton Park and the Office of the Head of Department, Gauteng Provincial Government: Department of Development Planning and Local Government, Private Bag X86, Marshalltown, 2107.

The amendment scheme is known as Kempton Park Amendment Scheme 967 and shall come into operation on the date of publication of this notice.

**for Municipal Manager**

Ekurhuleni Metropolitan Council

Civic Centre, cor C R Swart Drive and Pretoria Road, P O Box 13, Kempton Park

20 June 2001

Notice 56/2001

Ref: DA 1/1/967(D)

DA 5/14/18

**KENNISGEWING 3410 VAN 2001**

GROTER OOSRAND METRO

**KEMPTON PARK TEMBISA ADMINISTRATIEWE EENHEID**  
**(n Handelentiteit van die Ekurhuleni Metropolitaanse Raad)****KEMPTON PARK WYSIGINGSKEMA 967**

Die Groter Oosrand Metro (Kempton Park Tembisa Administratiewe Eenheid) gee hiermee ingevolge artikel 57 (1) (a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986) kennis dat die aansoek om die herosenering van Erf 18 dorp Nimrod Park vanaf "Residensieel 1" en "Voorgestelde nuwe paaie en verbreding" na "Besigheid 4" uitgesluit dokters/mediesespreekkamers onderworpe aan sekere voorwaardes goedgekeur is.

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Hoof Kempton Park Tembisa Administratiewe Eenheid, Kamer B301, Burgersentrum, hoek van C R Swartrylaan en Pretoriaweg, Kempton Park en die Kantoor van die Departementshoof, Gauteng, Provinsie Regering: Ontwikkelingsbeplanning en Plaaslike Regering, Privaatsaak X86, Marshalltown, 2107.

Hierdie wysigingskema staan bekend as Kempton Park Wysigingskema 967 en tree op datum van publikasie van hierdie kennisgewing in werking.

**nms Munisipale Bestuurder**

Ekurhuleni Metropolitaanse Raad

Burgersentrum, h/v C R Swartrylaan en Pretoriaweg (Posbus 13), Kempton Park

20 June 2001

Kennisgewing 56/2001

Verw: DA1/1/967 (D)

DA 5/14/18

**NOTICE 3411 OF 2001****LOCAL MUNICIPALITY OF RANDFONTEIN**

NOTICE NO: 09/2001

**AMENDMENT TO BY-LAWS AND TARIFFS GOVERNING THE  
HIRE OF HALLS IN RANDFONTEIN**

Notice is hereby given that in terms of Section 13 of the Municipal Systems Act, 2000 read with Section 80B of the Local Government Ordinance (Ordinance 17 of 1939) that the Randfontein Local Municipality intends to further amend the by-laws and tariffs governing the Hire of Halls in Randfontein, published under Local Authority Notice No 51, dated 29 November 2000.

The general purport of this amendment is to make provision for a tariff relating to training sessions.

Copies of the proposed tariffs are during week days open for inspection between 07:30 till 12:00 and 12:30 till 16:00, for a period of fourteen (14) days from the date of notification hereof, at the office of the Town Secretary, Civic Centre, Pollock Street, Randfontein.

Any person who desires to record an objection to the said tariffs, must do so in writing within fourteen (14) days from notification hereof to the undermentioned.

**S J P DU PLESSIS, Acting Chief Executive Officer/Town Clerk**

Civic Centre, Pollock Street, P O Box 218, Randfontein, 1760.

Tel No. (011) 411-0051/2

Date 31 May 2001

Notice No: 09/2001.

**KENNISGEWING 3411 VAN 2001****PLAASLIKE MUNISIPALITEIT VAN RANDFONTEIN**

KENNISGEWING NO: 09/2001

**WYSIGING VAN VERORDENINGE EN TARIEWE INSAKE DIE  
HUUR VAN SALE IN RANDFONTEIN**

Kennis geskied ingevolge die bepalings van Artikel 13 van die Munisipale Stelsels Wet, 2000 saamgelees met Artikel 80B van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Ordonnansie 17 van 1939), dat die Randfontein Plaaslike Munisipaliteit van voorneme is om die Verordeninge en tariewe insake die Huur van Sale in Randfontein, afgekondig onder Plaaslike Bestuurskennisgewing No 51 gedateer 29 November 2000, verder te wysig.

Die algemene strekking van hierdie wysiging is om voorsiening te maak vir 'n tarief met betrekking tot oefen sessies.

Afskrifte van hierdie tariewe lê op weekdae ter insae vanaf 07:30 tot 12:00 en 12:30 tot 16:00 vir 'n tydperk van veertien (14) dae vanaf kennisgewing hiervan, by die kantoor van die Stadssekretaris, Burgersentrum, Pollockstraat, Randfontein.

Enige persoon wat beswaar teen die afkondiging van genoemde tariewe wens aan te teken, moet dit skriftelik binne veertien (14) dae vanaf datum van kennisgewing hiervan, by die ondergetekende indien.

**S J P DU PLESSIS, Waarnemende Hoof Uitvoerende  
Beampte/Stadsklerk**

Burgersentrum, Pollockstraat, Posbus 218, Randfontein, 1760

Tel No. (011) 411-0051/2

Datum 31 Mei 2001

Kennisgewing No: 09/2001



**NOTICE 3412 OF 2001**

CITY OF TSHWANE METROPOLITAN MUNICIPALITY

NOTICE 63 OF 2001

GAUTENG REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1996:

**ERF 1716, LYTTTELTON MANOR EXTENSION 3**

It is hereby notified in terms of section 6 (8) of the Gauteng Removal of Restrictions Act, 1996 (Act 3 of 1996), that the Tshwane Metropolitan Municipality has approved that condition 2. B. (d) in Deed of Transfer T22426/1996 be removed.

**Dr T E THOHLANE, Municipal Manager**

Reference number: 16/4/1/12/101/1716

**KENNISGEWING 3412 VAN 2001**

STAD TSHWANE METROPOLITAANSE MUNISIPALITEIT

KENNISGEWING 63 VAN 2001

GAUTENG WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1996

**ERF 1716, LYTTTELTON MANOR UITBREIDING 3**

Hiermee word ooreenkomstig die bepalings van Artikel 6 (8) van die Gauteng Wet op Opheffing van Beperkings, 1996 (Wet 3 van 1996), bekend gemaak dat die Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit goedgekeur het dat voorwaarde 2.B. (d) in Akte van Transport T22426/1996 opgehef word.

**Dr T E THOHLANE, Munisipale Bestuurder**

Verwysingsnommer: 16/4/1/12/101/1716

**NOTICE 3413 OF 2001**

CITY OF TSHWANE METROPOLITAN MUNICIPALITY

NOTICE 64 OF 2001

GAUTENG REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1996:

**ERF 1939, LYTTTELTON MANOR EXTENSION 3**

It is hereby notified in terms of section 6 (8) of the Gauteng Removal of Restrictions Act, 1996 (Act 3 of 1996), that the Tshwane Metropolitan Municipality has approved that condition B. (d) in Deed of Transfer T1258/1995 be removed.

**Dr T E THOHLANE, Municipal Manager**

Reference number: 16/4/1/12/101/1939

**KENNISGEWING 3413 VAN 2001**

STAD TSHWANE METROPOLITAANSE MUNISIPALITEIT

KENNISGEWING 64 VAN 2001

GAUTENG WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1996:

**ERF 1939, LYTTTELTON MANOR UITBREIDING 3**

Hiermee word ooreenkomstig die bepalings van Artikel 6 (8) van die Gauteng Wet op Opheffing van Beperkings, 1996 (Wet 3 van 1996), bekend gemaak dat die Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit goedgekeur het dat voorwaarde B. (d) in Akte van Transport T1258/1995 opgehef word.

**Dr T E THOHLANE, Munisipale Bestuurder**

Verwysingsnommer: 16/4/1/12/101/1939

**NOTICE 3414 OF 2001**

CITY OF TSHWANE METROPOLITAN MUNICIPALITY

NOTICE 65 OF 2001

GAUTENG REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1996:

**ERF 456 LYTTTELTON MANOR EXTENSION 1**

It is hereby notified in terms of section 6 (8) of the Gauteng Removal of Restrictions Act, 1996 (Act 3 of 1996), that the Tshwane Metropolitan Municipality has approved that condition (0) (i) in Deed of Transfer T78805/1991 be removed.

**Dr T E THOHLANE, Municipal Manager**

Reference number: 16/4/1/12/99/456

**KENNISGEWING 3414 VAN 2001**

STAD TSHWANE METROPOLITAANSE MUNISIPALITEIT

KENNISGEWING 65 VAN 2001

GAUTENG WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1996:

**ERF 456, LYTTTELTON MANOR UITBREIDING 1**

Hiermee word ooreenkomstig die bepalings van Artikel 6 (8) van die Gauteng Wet op Opheffing van Beperkings, 1996 (Wet 3 van 1996), bekend gemaak dat die Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit goedgekeur het dat voorwaarde (0) (i) in Akte van Transport T78805/1991 opgehef word.

**Dr T E THOHLANE, Munisipale Bestuurder**

Verwysingsnommer: 16/4/1/12/99/456

**NOTICE 3415 OF 2001**

NOTICE OF APPROVAL

**GERMISTON AMENDMENT SCHEME 743**

It is hereby notified in terms of section 57(1)(a) of the Town Planning and Townships Ordinance, 1986, that the East Rand Metropolitan Council has approved the Amendment of the Germiston Town Planning Scheme, 1985, by the rezoning of Erf 145 Parkhill Gardens Township from "Educational" to "Business 2".

Map 3 of the Scheme Clauses of the Amendment Scheme are filed with the Director: Planning and Development, 15 Queen Street, Germiston and are open for inspection at all reasonable times.

This Amendment is known as Germiston Amendment Scheme 743.

**A. J. KRUGER, Administrative Unit Head**

Civic Centre, Cross Street, Germiston

Notice No. PD53/2001

T2/M/743

**KENNISGEWING 3415 VAN 2001**

KENNIS VAN GOEDKEURING

**GERMISTON WYSIGINGSKEMA**

Ingevolge artikel 57(1)(a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 word hiermee kennis gegee dat die Oos Rand Metropolitaanse Raad die wysiging van die Germiston Dorpsbeplanningskema, 1985, goedgekeur het deur Erf 145 Parkhill Gardens Dorp te hersoneer vanaf "Opvoedkundig" na "Besigheid 2".

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou by die Direkteur: Beplanning en Ontwikkeling, Queenstraat 15, Germiston, en is te alle redelike tye ter insae beskikbaar.

Hierdie wysiging staan bekend as Germiston Wysigingskema 743

**A. J. KRUGER, Administratiewe Eenheidshoof**

Burgersentrum, Crossstraat, Germiston

Kenningsgewing No. PD53/2001

T2/M/743

**NOTICE 3416 OF 2001****EMFULeni LOCAL MUNICIPALITY**

NOTICE OF GENERAL RATE OR RATES AND OF FIXED DAY FOR PAYMENT IN RESPECT OF FINANCIAL YEAR 1 JULY 2001 TO 30 JUNE 2002.

(Regulation 17)

Notice is hereby given that in terms of section 26 (2) (a) or (b) of the Local Authorities Rating Ordinance, 1977 (Ordinance No. 11 of 1977), the following general rate has been levied in respect of the above-mentioned financial year on rateable property recorded in the valuation roll—

A. Area of the Disestablished Western Vaal Metropolitan Local Council

(a) on the site value of any land or right in land, nine comma two three (9.23) cent in the Rand.

In terms of section 21 (4) of the said ordinance, a rebate on the general rate levied on the site value of land or any right in land referred to in paragraph (a) above, is granted as follows:

(i) 36.73 percent (3.39 cent in the Rand) on all special residential erven used for residential purposes only which have already been improved on 1 July 2001 in that a residence as defined in the western Vaal Metropolitan Local Council Town Planning Scheme has been erected thereon.

(ii) 39.98 percent (3.69 cent in the Rand) on all agricultural holdings and farm land which are being used for agricultural purposes only.

The rebate will also be applicable, subject to the above-mentioned restrictions, from the first day of the month succeeding the completion of a residence on special residential erven.

B. Area of the Disestablished Vereeniging/Kopanong Metropolitan Local Council (Excluding Meyerton and Risiville):

(a) on the site value of any land or right in land, thirteen comma nine four (13.94) cent in the Rand.

In terms of section 21 (4) of the said ordinance, a rebate on the general rate levied on the site value of land or any right in land referred to in paragraph (a) above, is granted as follows:

(i) 39.09 percent (5.45 cent in the Rand) on all special residential erven used for residential purposes only which have already been improved on 1 July 2001 in that a residence as defined in the Vereeniging/Kopanong Metropolitan Local Council Town Planning Scheme has been erected thereon, as well as general residential erven in respect of which all flats on land concerned have been registered in terms of the Sectional Titles Act 1986.

(ii) 39.09 percent (5.45 cent in the Rand) on all agricultural holdings and farm land which are being used for agricultural purposes only.

C. Area of the Disestablished Vaal Oewer Transitional Rural Council:

(a) On the site value of any land or right in land,

—Developed land, six comma four two (6.42) cent in the Rand.

—undeveloped land, eight comma five six (8.56) cent in the Rand.

D. Area of the Disestablished Vaal River Transitional Representative Council:

(a) on the site value of any land or right in land,

—All land, four comma nine four (4.94) cent in the Rand.

—land used for business purposes, three comma seven five (3.75) cent in the Rand.

The amount due for rates as contemplated in section 27 of the said ordinance shall be payable in twelve(12) equal installments from the first day of July 2001 and thereafter on the first days of each succeeding month until the first day of June 2002.

**KENNISGEWING 3416 VAN 2001****EMFULeni PLAASLIKE MUNISIPALITEIT**

KENNISGEWING VAN ALGEMENE EIENDOMSBELASTING OF EIENDOMSBELASTINGS EN VAN VASGESTELDE DAG VIR BETALING TEN OPSIGTE VAN DIE BOEKJAAR 1 JULIE 2001 TOT 30 JUNIE 2002

(Regulasie 17)

Kennis word hierby gegee dat ingevolge artikel 26 (2) (a) of (b) van die Ordonnansie op Eiendomsbelasting van Plaaslike Besture, 1977 (Ordonnansie No. 11 van 1977), die volgende algemene eiendomsbelasting ten opsigte van die bogenoemde boekjaar gehef is op belasbare eiendom in die waarderingslys opgeteken:

A. Gebied van die ontbinde Westelike Vaal Metropolitaanse Plaaslike Raad:

(a) op die terreinwaarde van enige grond of reg in grond, nege komma twee drie (9.23) sent in die Rand.

Ingevolge artikel 21 (4) van die genoemde Ordonnansie word 'n korting op die algemene eiendomsbelasting gehef op die terreinwaarde van grond of enige reg in grond, genoem in paragraaf (a), ten opsigte van die volgende toegestaan:

(i) 36.73 persent (3.39 sent in die Rand) op alle spesiale woonerwe wat op 1 Julie 2001 reeds verbeter is deurdat 'n woonhuis soos omskryf in die Westelike Vaal Metropolitaanse Plaaslike Raad Dorpsbeplanningskema, daarop opgerig is wat uitsluitlik vir woondoeleindes gebruik word.

(ii) 39.98 persent (3.69 sent in die Rand) op alle landbouhoewes en plaasgrond wat uitsluitlik vir landboudoeleindes aangewend word.

Die korting sal ook onderworpe aan die voorvermelde beperkings met ingang van die eerste dag van die maand wat volg op die maand van voltooiing van 'n woonhuis, in die geval van spesiale woonerwe, van toepassing wees.

B. Gebied van die ontbinde Vereeniging/Kopanong Metropolitaanse Plaaslike Raad (Uitgesluit Meyerton en Risiville):

(a) op die terreinwaarde van enige grond of reg in grond, dertien komma nege vier (13.94) sent in die Rand.

Ingevolge artikel 21 (4) van die genoemde Ordonnansie word 'n korting op die algemene eiendomsbelasting gehef op die terreinwaarde van grond of enige reg in grond, genoem in paragraaf (a), ten opsigte van die volgende toegestaan:

(i) 39.09 persent (5.45 sent in die Rand) op alle spesiale woonerwe wat op 1 Julie 2001 reeds verbeter is deurdat 'n woonhuis soos omskryf in die Vereeniging/Kopanong Metropolitaanse Plaaslike Raad Dorpsbeplanningskema, daarop opgerig is wat uitsluitlik vir woondoeleindes gebruik word, asook algemene residensiële erwe ten opsigte waarvan alle woonstelle op die betrokke grond geregistreer is in terme van die Wet op Deeltitels van 1986.

(ii) 39.09 persent (5.45 sent in die Rand) op alle landbouhoewes en plaasgrond wat uitsluitlik vir landboudoeleindes aangewend word.

C. Gebied van die ontbinde Vaaloewer Transitional Rural Council:

(a) op die terreinwaarde van enige grond of reg in grond,

—verbeterde grond, ses komma vier twee (6.42) sent in die Rand.

—onverbeterde grond, agt komma vyf ses (8.56) sent in die Rand.

D. Gebied van die ontbinde Vaalrivier Transitional Representative Council:

(b) op die terreinwaarde van enige grond of reg in grond,

—alle grond, vier komma nege vier (4.94) sent in die Rand.

—grond wat vir besigheidsdoelindes gebruik word, drie komma sewe vyf (3.75) sent in die Rand.

die bedrag verskuldig vir eiendomsbelasting, soos in artikel 27 van genoemde Ordonnansie beoog, is in twaalf gelyke paaiemente vanaf die eerste dag van Julie 2001 en daarna op die eerste dag van elke maand tot die eerste dag van Junie 2002 betaalbaar.

Interest of prime rate plus 2 percent per annum is chargeable on all amounts in arrear after the fixed day and defaulters are liable to legal proceedings for recovery of such arrear amounts.

#### Acting Municipal Manager

Date: 20 June 2001.

Address: P.O. Box 3, Vanderbijlpark, 1900.

Notice number: 65/2001.

Rente teen prima plus 2 persent per jaar is op alle agterstallige bedrae na die vasgestelde dag hefbaar en wanbetalers is onderhewig aan regsproses vir die invordering van sodanige agterstallige bedrae.

#### Waarnemende Munisipale Bestuurder

Datum: 20 Junie 2001.

Adres: Posbus 3, Vanderbijlpark, 1900.

Kennisgewingsnommer : 65/2001.

## NOTICE 3417 OF 2001

NOTICE 67 OF 2001

### CITY OF JOHANNESBURG

(FORMER WESTERN METROPOLITAN LOCAL COUNCIL)

#### DECLARATION AS APPROVED TOWNSHIP

In terms of Section 103 of the Town Planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), the City of Johannesburg, (Former Western Metropolitan Local Council) hereby declares **Weltevredenpark Extension 93 Township** to be an approved township subject to the conditions set out in the schedule hereto.

#### ANNEXURE

STATEMENT OF THE CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION MADE BY GEORGE FRANK RAMOS AND FERNANDA MARGARIDA RAMOS (HEREIN AFTER REFERRED TO AS THE APPLICANT/TOWNSHIP OWNER) UNDER THE PROVISIONS OF SECTION 98(1) OF THE TOWN PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1986 (ORDINANCE 15 OF 1986) FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP ON PORTION 158 (A PORTION OF PORTION 54) OF THE FARM PANORAMA 200, REGISTRATION DIVISION I.Q., PROVINCE OF GAUTENG, HAS BEEN GRANTED

#### 1. CONDITIONS OF ESTABLISHMENT

##### 1.1 Name

The name of the township shall be **Weltevredenpark Extension 93**.

##### 1.2 Design

The township shall consist of erven and streets as indicated on General Plan S.G. No. 13917/1998.

##### 1.3 Engineering services

1.3.1 The township owner shall be responsible for the installation and provision of internal engineering services; and

1.3.2 the local authority concerned shall be responsible for the installation and provision of external engineering services.

The township owner shall when he intends to provide the township with engineering and essential services:

1.3.3 by agreement with the local authority classify every engineering service to be provided for the township in terms of section 116 of the Town Planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986) as an internal or external engineering services and in accordance with the guidelines; and

1.3.4 install or provide all internal and essential services to the satisfaction of the local authority and for this purpose shall lodge reports, diagrams and specifications as the local authority may require.

##### 1.4 Endowment

The township owner shall in terms of section 98(2) of the Town Planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986) pay a lump sum of endowment of R8 063,08 to the local authority for the provision of land for a park (public open space).

##### 1.5 Disposal of existing conditions of title

All erven shall be made subject to the existing conditions and servitudes, if any, including the reservation of rights to minerals.

## KENNISGEWING 3417 VAN 2001

KENNISGEWING 67 VAN 2001

### JOHANNESBURG STAD

(GEWESE WESTELIKE METROPOLITAANSE PLAASLIKE RAAD)

#### VERKLARING TOT 'N GOEDGEKEURDE DORP

Ingevolge artikel 103 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), verklaar die Johannesburg Stad, (vroeër Westelike Metropolitaanse Plaaslike Raad) hierby **Weltevredenpark Uitbreiding 93** tot 'n goedgekeurde dorp, onderworpe aan die voorwaardes uiteengesit in die bygaande bylae.

#### BYLAE

STAAT VAN VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GEDOEN DEUR GEORGE FRANK RAMOS AND FERNANDA MARGARIDA RAMOS (HIERNA DIE AANSOEKDOENER GENOEM) INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN ARTIKEL 98 (1) VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1986 (ORDONNANSIE 15 VAN 1986), OM TOESTEMMING OM 'N DORP TE STIG OP GEDEELTE 158 ('N GEDEELTE VAN GEDEELTE 54) VAN DIE PLAAS PANORAMA 200, REGISTRASIE AFDELING I.Q., PROVINSIE VAN GAUTENG, TOEGESTAAN IS

#### 1. STIGTINGSVOORWAARDES

##### 1.1 Naam

Die naam van die dorp is **Weltevredenpark Uitbreiding 93**.

##### 1.2 Ontwerp

Die dorp bestaan uit erwe en strate soos aangedui op Algemene Plan L.G. No. 13917/1998.

##### 1.3 Ingenieursdienste

1.3.1 Die dorpseienaar is verantwoordelik vir die installering en voorsiening van interne ingenieursdienste; en

1.3.2 die plaaslike bestuur is verantwoordelik vir die installering en voorsiening van eksterne ingenieursdienste.

Die dorpseienaar sal, wanneer hy van voorneme is om die dorp van ingenieurs- en noodsaaklike dienste te voorsien:

1.3.3 elke ingenieursdiens wat vir die dorp voorsien moet word, ingevolge artikel 116 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986) by ooreenkoms met die plaaslike bestuur klassifiseer as interne en eksterne ingenieursdienste; en

1.3.4 alle interne ingenieursdienste en noodsaaklike dienste installeer en voorsien tot bevrediging van die plaaslike bestuur en vir hierdie doel moet die verslae, planne en spesifikasies soos vereis deur die plaaslike owerheid ingedien word.

##### 1.4 Begiftiging

Die dorpseienaar moet kragtens die bepalings van artikel 98(2) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 aan die plaaslike bestuur as begiftiging 'n globale bedrag van R8 063,08 vir parke doeleindes betaal.

##### 1.5 Beskikking oor bestaande titel voorwaardes

Alle erwe moet onderworpe gemaak word aan bestaande voorwaardes en serwitute, as daar is, met inbegrip van die regte op minerale.

**1.6 Demolition of buildings and structures**

The township owner shall at his own expense cause all existing buildings and structures situated within the building line reserves, side spaces or over common boundaries to be demolished to the satisfaction of the local authority when required by the local authority to do so.

**1.7 Removal of litter**

The township owner shall at his own expense cause all litter within the township area to be removed to the satisfaction of the local authority when required by the local authority to do so.

**1.8 Removal or replacement of municipal services**

If, by reason of the establishment of the township, it should become necessary to remove or replace any existing municipal services, the cost thereof shall be borne by the township owner.

**2. CONDITIONS OF TITLE**

2.1 Conditions imposed by the local authority in terms of the provisions of the Town Planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986)

All erven shall be subject to the conditions as indicated:

2.1.1 The erven are subject to a servitude, 2 metres wide, in favour of the local authority for sewerage and other municipal purposes, along any two boundaries other than a street boundary and in the case of a panhandle erf, an additional servitude for municipal purposes 2 metres wide across the access portion of the erf, if an when required by the local authority: Provided that the local authority may dispense with any such servitude.

2.1.2 No building or other structure shall be erected within the aforesaid servitude area and no large-rooted trees shall be planted within the area of such servitude or within 2 (two) metres thereof.

2.1.3 The local authority shall be entitled to deposit temporarily on the land adjoining the aforesaid servitude such material as may be excavated by it during the course of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other work as it, in its discretion may deem necessary and shall further be entitled to reasonable access to the said land for the aforesaid purpose subject to any damage done during the process of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works being made good by the local authority.

**2.1.4 Erf 4804**

The erf is subject to a servitude for transformer/substation purposes in favour of the local authority, as indicated on the general plan.

**1.6 Sloping van geboue en strukture**

Die dorpseienaar moet op eie koste alle bestaande geboue en strukture wat binne boulynreserwes, kant ruimtes of oor gemeenskaplike grense geleë is, laat sloop tot bevrediging van die plaaslike bestuur wanneer die plaaslike bestuur dit vereis.

**1.7 Verwydering van rommel**

Die dorpseienaar moet op eie koste alle rommel binne die dorpsgebied laat verwyder tot bevrediging van die plaaslike bestuur wanneer die plaaslike bestuur dit vereis.

**1.8 Verskuiwing of vervanging van munisipale dienste.**

Indien dit as gevolg van die stigting van die dorp nodig word om enige bestaande munisipale dienste te verskuif of te vervang met die koste daarvan deur die dorpseienaar gedra word.

**2. TITELVOORWAARDES**

2.1 Voorwaardes opgelê deur die Plaaslike Bestuur kragtens die bepalings van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986)

Alle erwe is onderworpe aan die voorwaardes soos aangedui:

2.1.1 Die erwe is onderworpe aan 'n servituut 2 meter breed vir riolerings; en ander munisipale doeleindes en ten gunste van die plaaslike bestuur langs enige twee grense, uitgesonderd 'n straatgrens en in die geval van 'n pypsteelerf, 'n addisionele servituut vir munisipale doeleindes 2 meter breed oor die toegangsgedeelte van die erf, indien en wanneer verlang deur die plaaslike bestuur: Met dien verstande dat die plaaslike bestuur van sodanige servituut mag afsien.

2.1.2 Geen geboue of ander strukture mag binne die voorge-noemde servituut gebied opgerig word nie en geen grootwortel-bome mag binne die gebied van sodanige servituut of binne 'n afstand van 2 (twee) meter daarvan geplant word nie.

2.1.3 Die plaaslike bestuur is geregtig om enige materiaal wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke wat hy volgens goeëdoelne noodsaaklik ag, tydelik te plaas op die grond wat aan die voorgenoemde servituut grens en voorts is die plaaslike bestuur geregtig tot redelike toegang tot genoemde grond vir die voorgenoemde doel, onderworpe daaraan dat die plaaslike bestuur enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud of verwyderings van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke veroorsaak word.

**2.1.4 Erf 4804**

Die erf is onderworpe aan 'n servituut vir transformator/substasiedoeleindes ten gunste van die plaaslike bestuur, soos op die algemene plan aangedui.

**NOTICE 3418 OF 2001**

NOTICE 67 OF 2001

**ROODEPOORT TOWN PLANNING SCHEME, 1987:  
AMENDMENT SCHEME 1822**

The City of Johannesburg (former Western Metropolitan Local Council), hereby declares that it has approved an amendment scheme, being an amendment of the Roodepoort Town Planning Scheme, 1987, comprising the same land as included in the township of Weltevredenpark Extension 93, in terms of the provisions of Section 125 of the Town Planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986).

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Deputy Director-General: Gauteng Provincial Government: Department Housing and Local Government, Marshalltown, and the Strategic Executive: Housing and Urbanisation, Western Metropolitan Local Council and are open for inspection at all reasonable times.

The date this scheme will come in to operation is 20 June 2001.

This amendment is known as Roodepoort Amendment Scheme 1822.

**C J F COETZEE (Pr Ing), Acting: Chief Executive Officer**

Civic Centre, Roodepoort

20 June 2001

Notice No 67/2001

**KENNISGEWING 3418 VAN 2001**

KENNISGEWING 67 VAN 2001

**ROODEPOORT DORPSBEPLANNINGSKEMA, 1987:  
WYSIGINGSKEMA 1822**

Johannesburg Stad (vroëer Westelike Metropolitaanse Plaaslike Raad), verklaar hierby ingevolge die bepalings van Artikel 125 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), dat hy 'n wysigingskema synde 'n wysiging van die Roodepoort Dorpsbeplanningskema, 1987, wat uit dieselfde grond as die dorp Weltevredenpark Uitbreiding 93 bestaan, goedgekeur het.

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Adjunk-Direkteur Generaal, Departement Behuising en Plaaslike Regering, Marshalltown en is by die Strategiese Uitvoerende Beampte: Behuising en Verstedeliking, Westelike Metropolitaanse Plaaslike Raad beskikbaar vir inspeksie te alle redelike tye.

Die datum van die inwerkingtreding van die skema is 20 Junie 2001.

Hierdie wysiging staan bekend as die Roodepoort Wysigingskema 1822.

**C J F COETZEE (Pr Ing), Waarnemende: Hoof Uitvoerende Beampte**

Burgersentrum, Roodepoort

20 Junie 2001

Kennisgewing No 67/2001

**NOTICE 3419 OF 2001**

LOCAL AUTHORITY NOTICE 32/2001

**EKURHULENI METROPOLITAN COUNCIL****NOTICE OF AMENDMENT SCHEME: SPRINGS  
AMENDMENT SCHEME 87/1996**

The Ekurhuleni Metropolitan Council gives notice in terms of Section 57 (1) (a) of the Town-Planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), that an amendment scheme to be known as Springs Amendment Scheme 87/1996 has been adopted by it in terms of Section 29 (2) of the aforementioned Ordinance.

This scheme is an amendment scheme and contains the following amendment:—

The rezoning of Erf 18149, Phumulo, Kwa-Thema from "Public Open Space" to "Residential 1".

This amendment scheme will come into operation on 20 June 2001.

The amendment scheme will lie for inspection during normal office hours at the office of the Acting Administrative Unit Head, Civic Centre, South Main Reef Road, Springs (Room 311) and the office of the Head of Department, Department of Development Planning and Local Government, Gauteng Provincial Government.

**G.A. WILLEMSE, Acting Administrative Head (Springs Administrative Unit)**

Civic Centre, Springs

6 June 2001

(Notice Number: 32/2001)

(14/7/1/2/87/SLA)

**KENNISGEWING 3419 VAN 2001**

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 32/2001

**EKURHULENI METROPOLITAANSE RAAD****KENNISGEWING VAN WYSIGINGSKEMA: SPRINGS  
WYSIGINGSKEMA 87/1996**

Die Ekurhuleni Metropolitaanse Raad gee ingevolge artikel 57 (1) (a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), kennis dat 'n wysigingskema bekend te staan as Springs Wysigingskema 87/1996 deur hom ingevolge Artikel 29 (2) van die voorgemelde Ordonnansie aanvaar is.

Hierdie skema is 'n wysigingskema en bevat die volgende wysiging:—

Die hersonering van erf 18149, Kwa-Thema van "Openbare Oopruimte" tot "Residensieel 1".

Hierdie wysigingskema sal op 20 Junie 2001 in werking tree.

Die wysigingskema lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Waarnemende Administratiewe Eenheidshoof, Burgersentrum, Suid-hoofrifweg, Springs (Kamer 311) en die kantoor van die Hoof van die Departement, Departement van Ontwikkelingsbeplanning en Plaaslike Bestuur, Gauteng Provinsiale Regering.

**G.A. WILLEMSE, Waarnemende Administratiewe Hoof (Springs Administratiewe Eenheid)**

Burgersentrum, Springs

6 Junie 2001

(Kennisgewingsnommer: 32/2001)

(14/7/1/2/87/SRA)

**NOTICE 3420 OF 2001****PRETORIA TOWN-PLANNING SCHEME, 1974**

Notice is hereby given to all whom it may concern that in terms of clause 18 of the Pretoria Town-planning Scheme, 1974, we, Van Zyl & Benadé Town & Regional Planners intends applying to the City of Tshwane Metropolitan Municipality for consent for: A crech-cum-nursery school-cum-after school care on Erf 525, Doornpoort, also known as 444 Airport Avenue, Doornpoort, located in a Special Residential zone.

Any objection, with the grounds therefor, shall be lodged with or made in writing to: The Executive Director: City Planning and Development, Land-use Rights Division, Third Floor, Room 328, Munitoria, cnr V/d Walt and Vermeulen Streets, P O Box 3242, Pretoria, 0001, within 28 days of the publication of the advertisement in the *Provincial Gazette*, viz 20 June 2001.

Full particulars and plans (if any) may be inspected during normal office hours at the above-mentioned office, for a period of 28 days after the publication of the advertisement in the *Provincial Gazette*.

*Closing date for any objections:* 18 July 2001.

*Applicant street address and postal address:* Van Zyl & Benadé Town & Regional Planners, P O Box 32709, Glenstantia, 0010. Telephone: (012) 346 1805.

**KENNISGEWING 3420 VAN 2001****PRETORIA-DORPSBEPLANNINGSKEMA, 1974**

Ingevolge kousule 18 van die Pretoria-dorpsbeplanningskema, 1974, word hiermee aan alle belanghebbendes kennis gegee dat ons, Van Zyl & Benadé Stads- en Streekbeplanners, van voornemens is om by die Stad van Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit aansoek te doen om toestemming vir: 'n kinderbewaarhuis-cum-kleuterskool-cum-naskoolsentrum op Erf 525, Doornpoort, ook bekend as Airportweg 444, Doornpoort, geleë in 'n Spesiale Woon sone.

Enige beswaar, met die redes daarvoor, moet binne 28 dae na publikasie van die advertensie in die *Provinsiale Koerant*, nl 20 Junie 2001, skriftelik by of tot: Die Uitvoerende Direkteur: Stedelike Beplanning en Ontwikkeling, Afdeling Grondgebruiksregte, Derde Vloer, Kamer 328, Munitoria, h/v V/d Walt en Vermeulen Straat, Posbus 3242, Pretoria, 0001, ingedien of gerig word.

Volledige besonderhede en planne (as daar is) kan gedurende gewone kantoorure by bogenoemde kantoor besigtig word vir 'n periode van 28 dae na publikasie van die kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*.

*Sluitingsdatum vir enige besware:* 18 Julie 2001.

*Aanvrager straatnaam en posadres:* Van Zyl & Benadé Stads- en Streekbeplanners, Posbus 32709, Glenstantia, 0010. Telefoon: (012) 346 1805.

**NOTICE 3421 OF 2001****DECLARATION AS APPROVED TOWNSHIP**

In terms of section 103 of the Town Planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), the Northern Metropolitan Local Council of the Greater Johannesburg Metropolitan Council declares **Bromhof Extension 63** to be an approved township subject to the conditions set out in the Schedule hereto.

**KENNISGEWING 3421 VAN 2001****VERKLARING TOT GOEDGEKEURDE DORP**

Ingevolge artikel 103 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), verklaar die Noordelike Metropolitaanse Plaaslike Raad van die Groter Johannesburg Metropolitaanse Raad hiermee die dorp **Bromhof Uitbreiding 63** tot 'n goedgekeurde dorp onderworpe aan die voorwaardes uiteengesit in die bygaande Bylae.

**SCHEDULE**

STATEMENT OF THE CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION MADE BY DREYPROPS NO 4 (PTY) LTD (HEREINAFTER REFERRED TO AS THE APPLICANT/TOWNSHIP OWNER) UNDER THE PROVISIONS OF CHAPTER 3 OF THE TOWN PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1986 (ORDINANCE 15 OF 1986), FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP PORTION 528 (A PORTION OF PORTION 514) OF THE FARM BOSCHKOP 199 IQ HAS BEEN GRANTED

**1. CONDITIONS OF ESTABLISHMENT****(1) Name**

The name of the township shall be **Bromhof Extension 63**.

**(2) Design**

The township shall consist of erven and streets as indicated on General Plan S.G. No 893/2001.

**(3) Stormwater drainage and street construction**

(a) The township owner shall on request by the local authority submit to such authority for its approval a detailed scheme complete with plans, sections and specifications, prepared by a civil engineer approved by the local authority, for the collection and disposal of stormwater throughout the township by means of properly constructed works and for the construction, tarmacadamising, kerbing and channelling of the streets therein together with the provision of such retaining walls as may be considered necessary by the local authority.

(b) The scheme referred to in (a) shall indicate the route and gradient by which each erf gains access to the street on which it abuts.

(c) The township owner shall, when required by the local authority to do so, carry out the approved scheme at his own expense on behalf and to the satisfaction of the local authority under the supervision of a civil engineer approved by the local authority.

(d) The township owner shall be responsible for the maintenance of the streets to the satisfaction of the local authority until the streets have been constructed as set out in sub-clause (c).

(e) Should the township owner fail to comply with the provisions of sub-clauses (a), (b), (c) or (d) hereof, the local authority shall be entitled to do the work at the cost of the township owner.

**(4) Water and sewerage**

The township owner shall appoint an approved professional engineer who shall be responsible for the design and construction of the water supply and sewerage reticulation systems in accordance with the following documents:

(a) The Town Planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986);

